# *In* FOKUS *hierdie week .... Regssake*

Ons het weer 'n paar besighede gevra om vir ons wenke of meer inligting te gee oor enige aspek van regsake, hier volg Phillip van der Merwe prokureurs se woorde:

Daar is 'n ou spreekwoord wat lui "goedkoop koop is duur koop". Dit is op baie terreine toepaslik, maar veral in die regswêreld. Mense wil ongelukkig vele male nie die koste aangaan om professionele advies te bekom wanneer dit oor kontrakte, testamente en ander regsdokumente/handelinge gaan nie. Baie stel dan byvoorbeeld sommer self 'n kort "kontrakkie" op om daardie motor wat hulle nie meer gebruik nie aan iemand anders "op huurkoop" of dan per ooreenkoms waarvolgens die koopsom met rente afbetaal word, te verkoop. Nie een van die partye is dan op hoogte met of bewus van die toepaslikheid van die Nasionale Kredietwet of ander wetgewing nie en die "kontrakkie" voldoen nie naastenby aan die bepalings van die wet nie.
Solank beide partye die bepalings van so 'n selfdoen kontrak nakom, is daar weinig probleme. Verbreek die koper egter die kontrak deur byvoorbeeld nie met betalings vol te hou nie, kom die verkoper meesal met skok agter dat die "kontrakkie" nie regsgeldig is nie en dat die uitstaande kapitaal en rente net met groot omslagtigheid en koste (baie meer as wat dit sou kos om ŉ behoorlike kontrak deur ŉ kundige te laat opstel het) verhaal kan word, indien wel.


**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041


Nog ŉ terrein waarop baie mense ŉ duur bloutjie loop is met die opstel van testamente. Die rompslomp, koste en baiemaal teleurstelling en nie-bedoelde uitkoms verbonde aan ŉ ongeldige testament kan nooit gelyk gestel word aan die paar Rand wat dit mag kos om jou testament deur ŉ kundige persoon te laat opstel nie. Net die feit dat daar in geval van 'n ongeldige testament ŉ moeisame proses gevolg moet word om ŉ eksekuteur in die boedel aangestel te kry (grootliks ook omdat so ŉ eksekuteur in baie gevalle deur die Meester van die Hoë Hof gevra mag word om sekuriteit vir sy aanstelling te verskaf wat moeilik, indien enigsins, gedoen kan word deur iemand anders as 'n professionele boedelberedderaar). Die antwoord om die "goedkoop koop is duur koop" dilemma te vermy is om eenvoudig 'n kundige te raadpleeg wanneer jy die regsterrein betree – hetsy by die sluiting van kontrakte, opstel van testamente of aangaan van enige ander verbintenis waaruit regsgevolge mag vloei. Voorsorg is in hierdie geval baie beter as nasorg, so begin die aksie van die aanvang af met die erns waarmee enige regshandeling benader behoort te word. Vermy so om te laat uit te vind daardie kontrak of testament is ongeldig.

---

Hier volg Jurie Potgieter van Potgieter en Vennote se woorde oor:

## GROND ONTEIENING, HERVERDEELING, DIS WOORDE OP ALMAL SE LIPPE!!!

Ons is so gefokus op politieke uitsprake, dat ons die huidige belasting situasies in ons land mis kyk.
Het u geweet dat boere so belas word met afsterwe dat meeste boere se nageslag nie kan voortgaan met die boerdery na die afsterwe nie?

Belasting is betaalbaar oor ŉ individu se leeftyd, en dan is daar geagte beskikking van die boer se bates teen die markwaarde met afsterwe. Die grootste verandering, wat reeds in werking getree het vanaf 1 Maart 2016, is dat vee se markwaarde ingesluit word by inkomstebelasting. Indien 'n boer sou sterf met 'n oes op die land, voordat enige aanplanting gemaak is, kan dit baie nadelige belasting gevolge vir die boer se boedel inhou. Hier volg 'n voorbeeld:

**Voorbeeld: Mnr BOER**

| | |
|---|---|
| Grond (1 500ha) | R 22 500 000 |
| Vee | R 5 000 000 |
| Toerusting | R 5 000 000 |
| Bank | R 500 000 |
| Graan in Silo | R 4 000 000 |
| Polis | 5 000 000 |
| | R 42 000 000 |
| Oes Lening | (R 3 000 000) |



Nadat die polis en die beskikbare kontant gebruik is om die belasting te betaal, is daar steeds ŉ tekort van R10 781 976.
Dit beteken indien die nageslag graag die grond wil behou, hulle die oes, met meeste van die implemente en vee moet verkoop om die belasting te kan betaal.
Ons by Potgieter & Vennote is van mening dat ŉ boer se nageslag nie maklik sal kan voortgaan met die boerdery indien hy/sy nie 'n testament en ŉ goeie boedel beplanningstrategie het nie.
Dit is nooit te vroeg om jou testament op te stel en beplanning vir jou boedel te doen nie. More is nie ŉ gegewe nie.

**Die Groot B-Woord:**
• Voorkom probleme met Boedel-Beplanning
• Beplan eerder as Betaal.
Kom sien ons gerus, ons stel ook vir u ŉ goed beplande testament op!

**Vir enige navrae kontak Jurie Potgieter by:**


JG Potgieter & Vennote Ingelyf
Reg Nr. 2004/008441/21
Geregistreerde Ouditeur
Praktyk No. 905941

Breëstraat 33
Posbus 199
Heilbron
Tel: 058 852 3001
Faks: 058 853 0015
E-Pos: jurie@jgpotgieter.co.za


---

Hier hier volg Jannie Jansen prokureurs se woorde:

## EK EN MY KORTTERMYN VERSEKERAAR

Die ombudsdman vir korttermyn versekering het onlangs in 'n vergadering, die algemeenste redes bekend gemaak waarom versekeraars hulle kliënte se eise mag afwys.
Heel bo aan die lys is bestuurders wat sonder geldige rybewyse bestuur en onpadwaardige voertuie, waarvan gladde bande seker die algemeenste is. Hulle kan selfs jou eis afwys indien jou ruitveërs in 'n swak toestand is as jy in die reën 'n ongeluk maak.
Derde op die lys is roekelose bestuur. Al hoe meer bestuurders word gedwing deur hul versekeraars om opsporingstoestelle in hul voertuie te installeer en word ook aangespoor deur premiekortings as hulle toestelle installeer wat hulle bestuursvernuf monitor. Min mense besef egter dat hierdie toestelle gebruik kan word as

*vervolg bladsy 11*